

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

JAARBOEK

FAKULTEIT TEOLOGIE

2004



**WAARNEMENDE DEKAAN:
PROFESSOR H.C. VAN ZYL
TEOLOGIE- GEBOU 17
TELEFOONNOMMER : (051) 401-2667
FAKS (051) 448-9203**

AMPTELIKE ADRES

Korrespondensie met betrekking tot akademiese aangeleenthede moet gerig word aan:

Die Registrateur
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
9300 BLOEMFONTEIN

Telefoon : (051) 401-9111
Telefaks : (051) 401-3558

INHOUD

Akademiese Personeel	1
Grade en Diplomas	2
Regulasies	3
Eerste Baccalaureusgraad	
Baccalaureus Theologiae	4
Baccalaureus Artium (Teologie)	10
Honneursbaccalaureusgraad	
Honneursbaccalaureus Artium (Teologie)	11
Magistergrade	
Magister Artium (Teologie)	14
Magister Divinitatis	17
Magister Theologiae	20
Doktorsgrade	
Doctor Theologiae	25
Philosophiae Doctor	27
Diplomas	
Universiteitsdiploma in Teologie	28
Gevorderde Universiteitsdiploma in Teologie	33
Gevorderde Universiteitsdiploma in Teologie	34
Nagraadse Diploma in Teologie	37
Lisensiaat in Teologie	39
Sertifikaat	
Sertifikaat in Teologie	41
Sillabusse	
Bybelkunde	42
B.A. (Teologie) en B.Th.	43
B.A. Honneurs (Multidissiplinêr)	55
B.A. Honneurs (een vakrigting)	58
Universiteitsdiploma in Teologie	62
Nuwe Sillabus vir Universiteitsdiploma in Teologie	63
Gevorderde Universiteitsdiploma in Teologie	67
Nuwe Sillabus vir Gevorderde Universiteitsdiploma in Teologie	68
M.Div., N.D.T. en Lisensiaat in Teologie	69

AKADEMIESE PERSONEEL

Waarnemende Dekaan

Prof. H.C. van Zyl

(Departementshoofde word met 'n asterisk aangedui)

Bybel- en Godsdienskunde

* Prof. S.J.P.K. Riekert

Dogmatologie

* Prof. S.A. Strauss

Ekklesiologie

* Prof. P.J. Strauss; prof. R.M. Britz

Nuwe Testament

* Prof. D.F. Tolmie; prof. H.C. van Zyl;

Ou Testament

* Prof. S.D. Snyman

Praktiese Teologie

* Prof. J. Janse van Rensburg; dr. J.A. van den Berg; ds. T.D. Keta

Sendingwetenskap

* Prof. P. Verster

GRADE EN DIPLOMAS

Benewens die grade en diplomas wat die Universiteit in die toekoms mag instel, kan die volgende grade en diplomas in die Fakulteit Teologie toegeken word:

Grade	Afkorting	Studiekode
<i>Eerste Baccalaureusgraad</i>		
Baccalaureus Theologiae	B.Th.	09300
Baccalaureus Artium (Teologie)	B.A. (Teologie)	09301
<i>Honneursbaccalaureusgraad</i>		
Honneursbaccalaureus Artium (Teologie)	B.A. Hons. (Teologie)	09501
<i>Magistergrade</i>		
Magister Artium (Teologie)	M.A. (Teologie)	09702
Magister Divinitatis	M.Div.	09701
Magister Theologiae	M.Th.	09700
<i>Doktorsgrade</i>		
Doctor Theologiae	D.Th.	09900
Philosophiae Doctor	Ph.D.	09910
Diplomas	Afkorting	Studiekode
<i>Eerste Diploma</i>		
Universiteitsdiploma in Teologie	U.D.T.	09010
<i>Gevorderde Universiteitsdiplomas</i>		
Gevorderde Universiteitsdiploma in Teologie (Faseer einde 2004 uit)	G.U.D.T.	09210
Gevorderde Universiteitsdiploma in Teologie	G.U.D.T.	09213
Lisensiaat in Teologie	Lis. Teol.	09211
<i>Nagraadse Diploma</i>		
Nagraadse diploma in Teologie	NDT	09212
<i>Sertifikaat</i>		
Sertifikaat in Teologie	Sert. Teol.	09002

REGULASIES

Daar is twee soorte regulasies waarmee studente rekening moet hou: Algemene Regulasies en Fakulteitsregulasies.

Die **Algemene Regulasies** is van toepassing op al die kwalifikasies en programme wat by ons Universiteit aangebied word. Hierdie regulasies is opgeneem in Deel I van die Universiteit se Jaarboek en handel onder andere oor toelating tot die Universiteit, registrasie as student, slaagvereistes, eksamenvoorskrifte en so meer.

Studente moet dus daarop let dat die Algemene Regulasies van toepassing is op al die kwalifikasies wat in die Fakulteit Teologie aangebied word.

Fakulteitsregulasies geld spesifiek vir die graad en ander programme van hierdie Fakulteit. Dit word in hierdie Jaarboek uiteengesit.

Die regulasies waaronder 'n student registreer geld vir die duur van sy/haar studie vir die betrokke kwalifikasie.

Die verantwoordelikheid om op hoogte van die algemene regulasies asook die fakulteitsregulasies te wees, berus geheel en al by die student.

BACCALAUREUS THEOLOGIAE

Die volgende baccalaureusgraad word op NKR-vlak 7 in die Fakulteit toegeken:

Graad	Min. tydperk van studie	Studiekode	Afkorting
Baccalaureus Theologiae	4 Jaar	09300	B.Th.

REG. K1	BACCALAUREUS THEOLOGIAE	B.Th.
	Studiekode 09300	

Inligting

Studente wat met 'n graadkursus tot die bediening wil toetree, skryf in vir B.Th. Selfs waar die toelatingsvereistes van die spesifieke kerkgenootskap net 'n driejarige graad is, moet daar steeds aanvanklik vir die B.Th.-graad ingeskryf word. [Kyk B.A. (Teologie)]

Elke student moet met sy/haar eie kerkgenootskap oorleg pleeg om seker te maak dat die regte keuses uitgeoefen word ten opsigte van die keusemodules (elektiewe). Studente moet ook self reël dat hulle kerklik begelei word waar die betrokke kerk dit vereis.

Gedurende die studie en voordat die graad toegeken word, moet toetse in Bybelkennis en kerkleer met welslae afgelê word.

Die kurrikulum vir hierdie graad strek oor agt semesters (vier akademiese jare) en moet ten minste 512 krediete (128 krediete per jaar), soos voorgeskryf, insluit.

Waar studente 'n keuse ten opsigte van sekere modules kan uitoefen, moet hulle seker maak dat dit nie roosterbotsings op die eksamen-, klas- en kamerrooster meebring nie

Toelatingsvereistes

Studente moet self toesien dat hulle aan die algemene universiteits-toelatingsvereistes voldoen.

Graad met lof

- (i) In die verpligte modules (fundamentele en kernmodules) oor die vier jaar moet 'n gesamentlike syfer van ten minste 75% behaal word.
- (ii) In die minimum aantal keusemodules (elektiewe modules) oor die vier jaar moet 'n gemiddelde van ten minste 70% behaal word.
- (iii) Ten opsigte van (i) en (ii) is 'n berekeningsformule toepaslik waar die kredietwaarde as 'n berekeningsfaktor geld.
- (iv) Die graad moet binne vyf jaar behaal word.

KURRIKULUM**Eerste akademiese jaar**

'n Student stel sy kursus soos volg saam:

Die kursus bevat die volgende **verpligte** modules (fundamentele en kernmodules), waarvoor alle studente moet inskryf:

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Teologie (F)	TLG112	8	TLG122	8
Filosofie (F)	WYS132	8	-	-
Literatuurwetenskap	-	-	LWS162	8
Bybelkunde	BYB112	8	BYB122	8
Bybelkunde	BYB132	8	BYB142	8
Rekenaargeletterdheid	BRS111	4	-	-

'n Kandidaat wie se kerkgenootskap kursusse in Grieks en Hebreeus verlang,¹ moet minstens vir die volgende **keusemodules** inskryf:

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Hebreeus	HEB114	16	HEB124	16
Grieks	GRK114	16	GRK124 ²	16

'n Kandidaat wie se kerkgenootskap **nie** kursusse in Grieks en Hebreeus verlang **nie**, moet 'n keuse maak om uit onderstaande groep die kursus vol te maak (Uit hierdie groep **keusemodules**

¹ Onder andere die NG Kerkfamilie

² Voorvereiste: GRK114

moet daar dus vir 'n totaal van minstens 64 krediete ingeskryf word):

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Bybelkunde	BYB152	8	BYB182	8
Filosofie	WYS112	8	-	-
Afrikaans: professies	AFP132	8	AFP142	8
Engels Spesiaal	ENS112	8	ENS122	8
Duits 1B	DTS152	8	DTS162	8
Filosofie	WYS112	8	-	-
Sielkunde	PSY112	8	PSY122	8
Sielkunde	PSY132	8	PSY142	8
Sosiologie	SOS112	8	SOS122	8
Algemene bestuur			OBS124	16

Tweede akademiese jaar

Studente skryf vir die volgende **verpligte** (kern-) modules in. 'n Student wat alreeds van hierdie modules as **keusemodules** (elektiewe) in die vorige jaar suksesvol afgehandel het, moet **ander** keusemodules **met dieselfde aantal krediete** as die modules wat reeds voltooi is, in die huidige jaargang neem.

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Bybelkunde	BYB152	8	-	-
Bybelkunde	-	-	BYB182	8
Bybelkunde	BYB212	8	BYB222	8
Bybelkunde	BYB232	8	BYB242	8
Ekklesiologie	EKK212	8	EKK222	8
Dogmatologie	DOG212	8	-	-
Praktiese Teologie	-	-	PTL222	8
Sendingwetenskap	-	-	SDW222	8

'n Student moet uit die volgende **keusemodules** (elektiewe) genoegsame krediete kies om tot 'n totaal van ten minste 96 krediete te kom. Studente van kerkgenootskappe wat Grieks en Hebreeus op tweedejaarsvlak vereis, moet vir die onderstaande modules ten opsigte van Grieks en Hebreeus inskryf:

Vak (Keusemodules)	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Hebreeus	HEB204 of HEB232	- 8	- HEB242	16 8
Grieks	GRK212 of GRK232	8 8	GRK222 of GRK242	8 8
Bybelkunde	BYB252	8	BYB262	8
Bybelkunde	BYB272	8	BYB282	8
Praktiese Teologie	PTL212	8	PTL242	8

'n Student moet toesien dat sy totale aantal krediete vir die tweede akademiese jaar minstens 128 is. Indien die totaal nie met bostaande modules bereik word nie, kan die student vir enige ander toepaslike modules uit vakgebiede soos Afrikaans, Engels, Sotho, Sielkunde, Sosiologie of Wysbegeerte inskryf.

Derde akademiese jaar

Die kursus bevat die volgende **verpligte** (kern-)modules:

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Bybelkunde	BYB312 BYB332 ³ of BYB352	8 8 8	BYB324 ⁴ of BYB344	16 16
Ekklesiologie	EKK314	16	-	-
Praktiese Teologie	PTL314	16	-	-
Dogmatologie	-	-	DOG322	8
Dogmatologie	-	-	DOG342	8
Sendingwetenskap	-	-	SDW322	8
Antropologie	-	-	ANT242	8

³ Voorvereiste: HEB124 en doen Hebreeus op 200-vlak

⁴ Voorvereiste: GRK124 en doen Grieks op 200-vlak

'n Student moet uit die volgende **keusemodules** (elektiewe) genoegsame krediete kies om tot ten minste 'n totaal van 128 krediete te kom:

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Bybelkunde	BYB252	8	BYB262	8
Bybelkunde	BYB272	8	BYB282	8
Hebreeus	HEB204	-	-	16
	of HEB232	8	HEB242	8
Grieks	GRK232	8	GRK242	8
	of GRK212	8	GRK222	8
Ander modules uit vakgebiede soos Afrikaans, Engels, Sotho, Sielkunde, Sosiologie of Wysbegeerte	XXXXYY		XXXXYY	

Vierde akademiese jaar

Die kursus bevat die volgende **verpligte** (kern-)modules:

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
Bybelkunde	BYB414 ⁵	16	BYB424 ⁶	16
	of BYB434	16	BYB444	16
Praktiese Teologie	PTL402	-	-	8
Praktiese Teologie	-	-	PTL422	8
Praktiese Teologie	-	-	PTL442	8
Sendingwetenskap	SDW412	8	-	-
Godsdienstwetenskap	GWE112	8	-	-
Ekklesiologie	EKK412	8	EKK422 EKK442	8 8
Dogmatologie	-	-	DOG422 DOG442	8 8

⁵ Voorvereiste: HEB204 of (HEB232 en 242)

⁶ Voorvereiste: Twee van die volgende vier modules: GRK212, GRK222, GRK232 en GRK242

'n Student moet uit die volgende **keusemodules** (elektiewe) genoegsame krediete kies om ten minste 'n totaal van 128 krediete vol te maak:

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
Hebreeus	HEB312	8	HEB322	8
Hebreeus	HEB332	8	HEB342	8
Grieks	GRK312	8	GRK322	8
Grieks	GRK332	8	GRK342	8
Bybelkunde	BYB252	8	BYB262	8
Bybelkunde	BYB272	8	BYB282	8
Ander modules uit vakgebiede soos Afrikaans, Engels, Sotho, Sielkunde, Sosiologie of Wysbegeerte	XXXXYY	-	XXXXYY	-

BACCALAUREUS ARTIUM (TEOLOGIE)

Die volgende baccalaureusgraad word op NKR-vlak 6 in die Fakulteit toegeken:

Graad	Min. tydperk van studie	Studie-kode	Afkorting
Baccalaureus Artium (Teologie)	3 Jaar	09301	B.A. (Teologie)

REG. K2	BACCALAUREUS THEOLOGIAE	B.A. (Teologie)
	Studiekode 09301	

Inligting

Studente wat drie jaar ingeskryf was vir B.Th. en voldoen aan regulasie K1 kan uittree met die kwalifikasie B.A. (Teologie). Let daarop dat studente dus **nie** aan die begin van hulle studie vir B.A. (Teologie) kan inskryf nie.

Graad met lof

- (i) In die fundamentele en kernmodules oor die drie jaar moet 'n gesamentlike syfer van ten minste 75% behaal word.
- (ii) In die minimum aantal elektiewe modules oor die drie jaar moet 'n gemiddelde van ten minste 70% behaal word.
- (iii) Ten opsigte van (i) en (ii) is 'n berekeningsformule toepaslik waar die kredietwaarde as 'n berekeningsfaktor geld.
- (iv) Die graad moet binne vier jaar behaal word.

HONNEURS- BACCALAUREUSGRAAD

Die volgende Honneursbaccalaureusgraad op NKR-vlak 7 word in die Fakulteit Teologie toegeken:

Graad	Min. tydperk van studie	Studiekode	Afkorting
Honneursbaccalaureus Artium (Teologie)	1 Jaar	09501	B.A. Hons. (Teologie)

Reg. K3 HONNEURSBACCALAUREUS ARTIUM (Teologie)
 B.A. Hons. (Teologie)
 Studiekode 09501

Toelating

Om tot dié graadstudie toegelaat te word, moet 'n kandidaat beskik oor 'n B-graad in Teologie of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Hierdie kwalifikasie kan òf in **een** vakrigting òf in **al ses** teologiese vakrigtings verwerf word.

Vir die kursus in **al ses** Teologiese dissiplines moet die student Grieks op 200-vlak, Hebreeus op 200-vlak en Bybelkunde op 300-vlak ingesluit het. Met vergunning van die dekaan van Fakulteit Teologie kan enkele uitstaande semesterkursusse tydens die studie aangevul word, indien die student se denominasie dit vir teologiese opleiding vereis.

Kurrikulum

Studie in een vakrigting

Die graadstudie bestaan uit vyf vraestelle plus 'n skripsie/navorsingsprojek in een van die volgende vakrigtings:

OET	Ou Testament
NET	Nuwe Testament
EKK	Ekklesiologie
DOG	Dogmatologie
DKN	Diakoniologie
SDW	Sendingwetenskap

GRK	Grieks
GWE	Godsdienwetenskap

Studente skryf in met die volgende kodes:

OET612, OET613, OET614, OET622, OET623 en OET692
 of
 NET612, NET613, NET614, NET622, NET623 en NET692
 of
 EKK612, EKK613, EKK614, EKK622, EKK623 en EKK692
 of
 DOG612, DOG613, DOG614, DOG622, DOG623 en DOG692
 of
 DKN612, DKN613, DKN614, DKN622, DKN623 en DKN692
 of
 SDW612, SDW613, SDW614, SDW622, SDW623 en SDW692
 of
 GRK601, GRK602, GRK603 en dan **drie** uit die volgende
 GRK604, GRK605, GRK606, GRK607 en GRK608
 of
 GWE601, GWE602, GWE603, GWE604, GWE605, GWE691

Hoogstens een vraestel uit 'n ander vakgebied as die een waarin gespesialiseer word, mag aangebied word.

Studie in al ses vakrigtings (Multidissiplinêr)

Die graadstudie bestaan uit ses vraestelle, een uit elk van die ses teologiese dissiplines:

Studente skryf in met die volgende kodes:

OET611, NET621, EKK611, DOG621, DKN601, SDW611

Vraestelle vir Bybelkunde

Indien 'n student in die rigting Bybelkunde (BYB) sy graadstudie aanbied, is die kurrikulum soos volg:

Vyf vraestelle, waarvan ten minste twee uit elk van Ou Testament en Nuwe Testament en dan nog een uit Ou Testament of Nuwe Testament moet wees. Die navorsings-

projek (**kode BYB691**) moet onderskeidelik Ou- of Nuwe Testamenties gerig wees, en in oorleg met die departement bepaal word.

Toeligting

- (i) Alle vraestelle word nie noodwendig jaarliks aangebied nie en kandidate registreer vir vraestelle in oorleg en met goedkeuring van die departement.
- (ii) Vrystelling van die navorsingsprojek, kan verleen word indien 'n kandidaat oor 'n jaarkursus of twee semester-kursusse in Grieks of Hebreeus, wat nie deel uitgemaak het van enige ander graad-kursus nie, beskik: of 'n jaarkursus of twee semesterkursusse in Grieks of Hebreeus gelyktydig met sy Honneursstudie aanbied.

MAGISTERGRADE

MAGISTER ARTIUM (M.A.) TEOLOGIE

Die volgende magistergraad op NKR-vlak 8(a) word in die Fakulteit Teologie toegeken.

Graad	Min. tydperk van studie	Studiekode	Afkorting
Magister Artium (Teologie)	1 Jaar	09702	M.A. (Teologie)

Reg. K4	MAGISTER ARTIUM (TEOLOGIE) Studiekode 09702	M.A. (Teologie)
---------	--	-----------------

Toelating

Om tot die graadstudie toegelaat te word moet 'n kandidaat beskik oor 'n Honneursgraad in Teologie of 'n gelykwaardige kwalifikasie met spesialisasie in een van die vakrigtings. Vir die kursus in Ou Testament moet Hebreeus en vir die kursus in Nuwe Testament moet Grieks op 100-vlak ingesluit gewees het.

Taalvereistes ten opsigte van Bybelkunde

- (i) Hebreeus op 100-vlak of Grieks op 100-vlak word vir alle temas wat respektiewelik Ou- en Nuwe-Testamentiese Eksegese behels of 'n onderbou daarvan veronderstel, vereis.
- (ii) Kandidate wat nie oor formele taalkursusse in Grieks en Hebreeus beskik nie, word deur middel van toepaslike onderrig geskool om sekondêre bronne wat op Bybeltale berus, te ontsluit.
- (iii) Afhangende van die studierigting en/of navorsingsonderwerp behou die departement die reg voor om verdere toepaslike taalvereistes te stel.

Kurrikulum

Die graad kan op twee maniere verwerf word:

òf 'n **verhandeling** òf **drie vraestelle** en 'n **skripsie** in een van die volgende vakrigtings.

OET	Ou Testament
NET	Nuwe Testament
EKK	Ekklesiologie
DOG	Dogmatologie
DKN	Diakoniologie
SDW	Sendingwetenskap
GWE	Godsdienwetenskap
BYB	Bybelkunde

(In die geval van Bybelkunde kan vyf vraestelle in plaas van drie vraestelle en 'n skripsie aangebied word.)

Hoogstens een vraestel uit 'n ander vakgebied as die een waarin gespesialiseer word, mag aangebied word.

By die opsie van **drie vraestelle plus 'n skripsie** is die gewig van die skripsie dieselfde as dié van die drie vraestelle gesamentlik.

Verhandeling

Studente skryf in vir een van die volgende kodes:

OET700 of NET700 of EKK700 of DOG700 of DKN700 of SDW700
of GWE700 of BYB700

Vraestelle en skripsie

Studente skryf in met die volgende kodes:

OET701, OET702, OET707 en OET791
of
NET701, NET702, NET707 en NET791
of
EKK701, EKK702, EKK707 en EKK791
of
DOG701, DOG702, DOG707 en DOG791
of
DKN701, DKN702, DKN707 en DKN791 of DKN792
of
DKN701, DKN702, DKN707, DKN708, DKN709 en SWP702⁷
of
SDW701, SDW702, SDW707 en SDW791

⁷ SWP702 en DKN708 tel saam die gewig van een vraestel.

of
BYB701, BYB702, BYB703 en BYB791 of BYB701, BYB702,
BYB703, BYB704 en BYB705
of
GWE701, GWE702 of GWE703 en GWE791

Toeligting ten opsigte van Bybelkunde

- (a) Die M.A. sal óf Ou- Testamenties of Nuwe-Testamenties gerig wees in ooreenstemming met waar die oorwig van vraestelle in die B.A. Hons. of gelykwaardige kwalifikasie was.
- (b) Die inhoud van die vraestelle word bepaal deur die kandidaat se akademiese agtergrond en voorgenome skripsie indien ter sake. 'n Vraestel oor metodologie word ingesluit.
- (c) Aanvullende leeswerk kan bykomend vereis word.

MAGISTER DIVINITATIS (M.DIV.)

Die volgende magistergraad op NKR-vlak 8(a) word in die Fakulteit Teologie toegeken.

Graad	Min. tydperk van studie	Studiekode	Afkorting
Magister Divinitatis	2 Jaar	09701	M.Div.

Reg. K5	MAGISTER DIVINITATIS Studiekode 09701	M.Div.
---------	--	--------

Toelating

Vir toelating tot die M.Div.-graadstudie moet 'n student beskik oor 'n professionele of vierjarige interdisiplinêre B.Th.-graad of 'n interdisiplinêre B.A. Honneurs in Teologie of gevorderde B.Th.-graad van hierdie Universiteit of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat vir hierdie doel deur die Senaat erken word.

Die kurrikulum vir hierdie graad strek oor twee akademiese jare en moet ten minste 288 krediete soos voorgeskryf, insluit.

KURRIKULUM

Eerste akademiese jaar

Die kursus bestaan uit die volgende **verpligte** (kern-)modules en een **keusemodule** (elektief) van ten minste agt krediete.

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Ou en Nuwe Testament	OET654 ⁸	16	NET664 ⁹	16
	of OET634	16	of NET644	16
Sendingwetenskap	SDW634	16	-	-
Ekklesiologie	-	-	EKK662	8
Ekklesiologie	-	-	EKK642	8
Dogmatologie	DOG672	8	-	-

⁸ Voorvereiste: HEB204 of (HEB232 en 242)

⁹ Voorvereiste: Twee van die volgende vier modules: GRK212, GRK222, GRK232 en GRK242

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Dogmatologie	DOG632	8	-	-
Dogmatologie	DOG652	8	-	-
Praktiese Teologie	PTL602	-	-	8
Praktiese Teologie	PTL692	-	-	8
Praktiese Teologie	PTL604	-	-	16
'n Keusemodule op NKR vlak 6 of 7	XXXXYY	Minstens 8	-	-

Tweede akademiese jaar

Die kursus bestaan uit die volgende **verpligte** modules.

Vak	Vakkode	Krediete
Ou Testament	OET724	16
Nuwe Testament	NET724	16
Dogmatologie	DOG724	16
Ekklesiologie	EKK724	16
Sendingwetenskap	SDW724	16
Praktiese Teologie	PTL720	40
*Skripsie	XXX790	40

*Die skripsie kan een van die volgende kursusse wees, met insluiting van voorstudie in navorsingsmetodologie

BYB790	Bybelkunde (Ou en Nuwe Testament)
HEB790	Hebreeus
GRK790	Grieks
TLG790	Interdissiplinêre Studie
OET790	Ou Testament
NET790	Nuwe Testament
EKK790	Ekklesiologie
DOG790	Dogmatologie
SDW790	Sendingwetenskap
PTL790	Praktiese Teologie

Toeligting

Die tweede akademiese jaar is praktiese professionele opleiding en word in oorleg met gemeentes gereël. Dit geskied volgens 'n geske-duleerde interdissiplinêre program en word ook so geëvalueer.

Die graad met lof

- (i) 'n Gesamentlike syfer van ten minste 75% moet behaal word volgens 'n berekeningsformule waar die kredietwaarde as 'n berekeningsfaktor geld.
- (ii) In die skripsie moet ten minste 70% behaal word.
- (iii) Die graad moet binne drie jaar behaal word.

MAGISTER THEOLOGIAE (M.Th.)

Die volgende magistergraad word in die Fakulteit toegeken:

Graad	Min. tydperk van studie	Afkorting	Studie Kode
Magister Theologiae	1 Jaar	M.Th.	09700

REG. K6	MAGISTER THEOLOGIAE	M.Th.
	Studiekode 09700	

Toelating

- (a) Vir toelating tot die M.Th.-graadstudie moet 'n student beskik oor 'n professionele of vierjarige interdisiplinêre B.Th.-graad of 'n gevorderde B.Th.-graad van hierdie Universiteit of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat vir hierdie doel deur die Senaat erken word.
- (b) Ten opsigte van sekere vakrigtings kan die Fakulteitsraad addisionele taal- en ander vereistes van die kandidaat vereis.

Tydsduur

Voltydse studie minstens een jaar.

Deeltydse studie minstens twee jaar.

Die graad kan op een van die volgende wyses aangebied word:

'n Verhandeling M.Th.

'n Gestruktureerde M.Th.

'n Gedoseerde M.Th.

KURRIKULUM

A. Die Verhandeling M.Th.

'n Verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp **plus** 'n eksamenbestek in die vakrigting waarin gespesialiseer word.

Die M.Th.-praktykgerigte kursus kan ook op hierdie wyse saamgestel word.

Studente wat vir die graadstudie inskryf, registreer soos volg:

- (i) Die **verhandeling** in die vakrigting waarin gespesialiseer word (een van die volgende):

OET700	Ou Testament
NET700	Nuwe Testament
EKK700	Ekklesiologie
DOG700	Dogmatologie
DKN700	Diakoniologie
SDW700	Sendingwetenskap

- (ii) Die **eksamenbestek** in die ooreenstemmende vakrigting wat ook grondslaestudie insluit (een van die volgende):

OET703	Ou Testament
NET703	Nuwe Testament
EKK703	Ekklesiologie
DOG703	Dogmatologie
DKN703	Diakoniologie
SDW703	Sendingwetenskap

B. Die Gestruktureerde M.Th.

Twee moontlikhede word hier aangebied:

- (a) 'n **Eksamenbestek plus 'n skripsie** in 'n vakrigting waarin gespesialiseer word plus twee vraestelle uit verskillende byvakke soos aangedui.

Studente wat vir die graad inskryf, registreer soos volg:

- (i) 'n Skripsie in die vakrigting waarin gespesialiseer word (een van die volgende):

OET791	Ou Testament
NET791	Nuwe Testament
EKK791	Ekklesiologie
DOG791	Dogmatologie
DKN791	Diakoniologie
SDW791	Sendingwetenskap

- (ii) Die eksamenbestek in die vakrigting waarin gespesialiseer word wat ook grondslaestudie insluit (een van die volgende):

OET704	Ou Testament
NET704	Nuwe Testament
EKK704	Ekklesiologie
DOG704	Dogmatologie
DKN704	Diakoniologie
SDW704	Sendingwetenskap

(iii) Twee vraestelle uit die onderstaande byvakke, met dien verstande

- (1) dat nie meer as een vraestel uit een byvak mag kom nie;
- (2) dat die byvakke uit 'n ander vakgebied as die vak waarin gespesialiseer word, moet kom;
- (3) dat Nuwe Testament óf Ou Testament óf Dogmatologie een van die byvakke moet wees indien een daarvan nie die vak is waarin gespesialiseer word nie;
- (4) dat een vraestel uit 'n relevante vak buite die Fakulteit Teologie mag kom in oorleg met die betrokke Fakulteit en met goedkeuring van die Fakulteit Teologie:
OET705 Ou Testament
NET705 Nuwe Testament
EKK705 Ekklesiologie
DOG705 Dogmatologie
DKN705 Diakoniologie
SDW705 Sendingwetenskap
XXXYYY Ander relevante vakgebied waarvoor goedkeuring verkry is.

(b) **'n M.Th.-praktykgerigte kursus met werksessies, eksamenbestekke (wat grondslaestudie insluit) en 'n skripsie in Diakoniologie.**

Studente wat vir die graadstudie inskryf, registreer soos volg:

DKN792	Diakoniologie (skripsie wat gelykstaande is aan een vraestel)
DKN702	Diakoniologie
DKN707	Diakoniologie
DKN708	Diakoniologie
DKN709	Diakoniologie
SWP702	Groepwerk ¹⁰

C. Die Gedoseerde M.Th

Drie moontlikhede word hier aangebied:

¹⁰ SWP702 en DKN708 tel saam die gewig van een vraestel.

- (a) 'n M.Th.-praktykgerigte kursus met werksessies en eksamenbestekke (wat grondslaestudie insluit) in Diakoniologie.

Studente wat vir die graadstudie inskryf, registreer soos volg:

DKN701	Diakoniologie of DKN792 (Skripsie)
DKN702	Diakoniologie
DKN707	Diakoniologie
DKN711	Diakoniologie
DKN709	Diakoniologie

- (b) 'n Interdisiplinêre bedieningsgerigte M.Th wat bestaan uit vyf gelykwaardige vraestelle wat uit vyf verskillende vakgebiede kom.

Studente wat vir die graadstudie inskryf, registreer vir vyf van die volgende vraestelle:

OET706	Ou Testament
NET706	Nuwe Testament
EKK706	Ekklesiologie
DOG706	Dogmatologie
DKN706	Diakoniologie
SDW706	Sendingwetenskap

- (c) 'n Bedieningsgerigte M.Th in Bybelse Teologie.

Studente wat vir die graadstudie inskryf, registreer vir die volgende **vyf** vraestelle:

OET701	Ou Testament
OET702	Ou Testament
NET701	Nuwe Testament
NET702	Nuwe Testament
ONT701	Ou en Nuwe Testament

Eksamen

- (a) Die eksamen kan skriftelik of mondeling afgeneem word.
- (b) Behoudens regulasie A87 kan die vraestelle in verskillende eksamentydperke afgeneem word.
- (c) Vir die berekening van die resultaat kragtens regulasie A92 en A93 by B(a) tel die eksamenbestek in die vakrigting waarin gespesialiseer word plus die grondslaestudie 30%, die skripsie 50% en die twee vraestelle saam 20%.

- | |
|--|
| <ul style="list-style-type: none">(d) Vir die berekening van die resultaat kragtens regulasie A92 en A93 by B(b) is die gewig van die vraestelle elk 20% en die skripsie 20%.(e) Vir die berekening van die resultaat kragtens regulasie A92 en A93 by C(a)(b)(c) is die gewig van die vraestelle gelykwaardig. |
|--|

DOKTORSGRADE

Reg. K7 Die volgende doktorsgrade word in die Fakulteit toegeken:

Graad	Min. tydperk van studie	Afkorting	Studie-Kode
Doctor Theologiae	2 jaar	D.Th.	09900
Philosophiae Doctor	2 jaar	Ph.D.	09910

K7.1 DOCTOR THEOLOGIAE
Studiekode 09900

D.Th.

Toelating

Om tot die graadstudie toegelaat te word, moet 'n student oor 'n toepaslike magistergraad beskik.

Behoudens regulasie A109(a) sal 'n student wat reeds by 'n ander universiteit 'n doktorsale eksamen met goeie gevolg afgelê het, met toestemming van die Dekaan toegelaat word as 'n persoon met status gelykwaardig aan dié van iemand met 'n magistergraad.

Opmerkings

'n Kandidaat moet 'n studieplan aan die Fakulteitsraad voorlê vir goedkeuring.

Behoudens regulasie A109(b) en (c) kan van 'n kandidaat vir die graad D.Th. vereis word dat hy 'n mondelinge eksamen aflê. Die omvang van hierdie eksamen word deur die Fakulteitsraad bepaal. Kandidate wat registreer vir 'n praktykgerigte D.Th. in die departement Diakoniologie moet bykomende praktiese werk verrig soos bepaal deur die departement.

'n Proefskrif wat handel oor 'n onderwerp uit die Teologie moet ingehandig word en voor die Fakulteitsraad verantwoord word.

KURRIKULUM

'n Student vir die D.Th.-graadstudie registreer een van die volgende kodes:

OET900	Ou Testament
NET900	Nuwe Testament

EKK900	Ekklesiologie
DOG900	Dogmatologie
DKN900	Diakoniologie
SDW900	Sendingwetenskap

Toelating

Om tot die graadstudie toegelaat te word, moet 'n kandidaat voldoen aan die bepalings van die algemene regulasies ten opsigte van doktorsgrade en in besit wees van 'n M.A.-graad in Bybelkunde of Teologie (of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as toereikend beskou word).

Opmerkings

'n Kandidaat moet 'n studieplan aan die Fakulteitsraad voorlê vir goedkeuring.

'n Proefskrif wat handel oor 'n onderwerp uit die Teologie moet ingehandig word en voor die Fakulteitsraad verantwoord word.

Kurrikulum

'n Student wat vir die Ph.D.-graad registreer, gebruik een van die volgende kodes:

OET900	Ou Testament
NET900	Nuwe Testament
EKK900	Ekklesiologie
DOG900	Dogmatologie
DKN900	Diakoniologie
SDW900	Sendingwetenskap
BYB900	Bybelkunde

UNIVERSITEITSDIPLOMA

Die volgende universiteitsdiploma word op NKR-vlak 6 in die Fakulteit toegeken:

Diploma	Min. tydperk van studie	Afkorting	Studie-Kode
Universiteitsdiploma in Teologie	3 jaar	U.D.T.	09010

REG. K8 UNIVERSITEITSDIPLOMA IN TEOLOGIE U.D.T.
STUDIEKODE 09010

Toelating

Die toelatingsvereiste vir hierdie diploma is 'n senior sertifikaat van die standaard wat deur die Universiteit vereis word (kwalifiserende M-telling), of 'n senior sertifikaat saam met die sertifikaat in teologie van hierdie Fakulteit (of 'n soortgelyke sertifikaat of sertifikate).

Die Fakulteit mag addisionele vereistes stel van verdere skoolopleiding en/of praktiese ervaring.

Toeligting

'n Student vir die Universiteitsdiploma in Teologie met die oog op 'n bediening in sy/haar kerk, moet met sy/haar denominasie raadpleeg om seker te maak dat ten opsigte van die keusemodules (elektiewe) die regte keuses uitgeoefen word. Die student moet ook seker maak dat waar ter sake die kuratorium van sy/haar denominasie hom/haar kan begelei.

Kurrikulum

Die kurrikulum vir hierdie diploma strek oor ses semesters (drie akademiese jare) en moet ten minste 384 krediete soos voorgeskryf insluit (128 krediete per jaar).

Eerste akademiese jaar

Die kursus bevat die volgende **verpligte** modules (fundamentele en kernmodules), waarvoor alle studente moet inskryf:

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Engels Spesiaal ¹¹ (F)	ENS112 en ENS132	8 8	ENS122 en ENS142	8 8
Bybelonderrig	BYO112	8	BYO122	8
Religieuse Opvoeding	RLO112	8	RLO122	8
Teologie (F) (Dogmatologie)	TLG134	16	TLG144	16

'n Student skryf ook in vir **keusemodules** (elektiewe) van 'n verdere 32 krediete, waaronder:

Vak	Vakkode	Krediete
Godsdienskunde	GDD112	8
Literatuurwetenskap	LWS162	8
Elementêre Grieks of Elementêre Hebreeus of Vaardigheidsmodules (Basiskursus) ¹²	EGR108 EHB108 TLG152 en TLG162	32 32 8 8
en/of enige kombinasie van die volgende tot voldoening van die verlangde krediete		
Informele logika	DLA121	4
Kommunikasiebeginsels-kontekste	KOM111	4
Samelewingsproblematiek	SOS121	4
Staat en reg	PTW111	4
Wysgerige-antropologiese en etiese oriëntasie	WYS161	4

¹¹ Buite-kampus-studente neem TLG152 en TLG162 (16 krediete) of 'n ekwivalent (indien 'n soortgelyke kursus nie alreeds gedoen is nie) en waar moontlik Engels ENG104 (16 krediete) en/of kursusse/ vakke wat op Bloemfontein, Bethlehem, Kimberley, Sasolburg, Welkom, Aliwal-Noord ensovoorts aangebied word en deur die Dekaan of die Program-direkteur van Teologie goedgekeur word.

¹² Indien die kursus of 'n ekwivalent reeds geneem is vir 'n kwalifikasie alreeds verwerf, dan kan ander vaardigheidskursusse tot ten minste 16 krediete geneem word.

Tweede akademiese jaar

Die kursus bevat die volgende **verpligte** (kern-)modules

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
Bybelkunde	BYB112	8	BYB122	8
Bybelkunde	BYB132	8	BYB142	8
Bybelkunde	BYB152	8	-	-
Bybelkunde	BYB172	8	BYB182	8
Ekklesiologie	EKK212	8	EKK222	8
Praktiese Teologie	-	-	PTL222	8
Sendingwetenskap	-	-	SDW222	8
Literatuurwetenskap	-	-	LWS162	8 ¹³

'n Student skryf ook in vir **keusemodules** (elektiewe) van 'n verdere 24 tot 32 krediete, waaronder:

Vak	Vakkode	Krediete
Elementêre Grieks	EGR108	32
of		
Elementêre Hebreeus	EHB108	32
of		
enige kombinasie van die volgende tot voldoening van die verlangde krediete		
Vaardighedsmodules (Basiskursus)	TLG104	16
Informele logika	DLA121	4
Kommunikasiebeginsels-kontekste	KOM111	4
Samelewingsproblematiek	SOS121	4
Staat en reg	PTW111	4
Wysgerige-antropologiese en etiese oriëntasie	WYS161	4

¹³ Indien aangebied as keusemodule in die eerste akademiese jaar, dan moet daar nog 'n ekstra keusemodule van ten minste 8 krediete aangebied word.

Derde akademiese jaar

Die kursus bevat die volgende **verpligte** (kern-)modules

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Bybelkunde	BYB212	8	BYB222	8
Bybelkunde	BYB232	8	BYB242	8
Praktiese Teologie	PTL212	8	PTL242	8
Filosofie	WYS132	8	-	-
Dogmatologie	DOG212	8	-	-
Bybelkunde	-	-	BYB362	8

'n Student skryf ook in vir **keusemodules** (elektiewe) van 'n verdere 58 krediete soos volg:

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
Bybelkunde	BYB252	8	BYB262	8
Bybelkunde	BYB272	8	BYB282	8
Ekklesiologie	EKK314	16	-	-
Dogmatologie	-	-	DOG322	8
Dogmatologie	-	-	DOG342	8
Sendingwetenskap	-	-	SDW322	8
Godsdienwetenskap	GWE134	16	-	-
Met 'n vrye keuse uit toepaslike modules tot 'n totaal van 24 (bv. WYS112; PSY112, 132, 122, 142; SOS112, 122; OBS124)	XXXXYY	Soos benodig	XXXXYY	Soos benodig

Vak	Vakkode	Krediete
Elementêre Grieks	EGR108 EGR208 ¹⁴	32 32
Elementêre Hebreeus	EHB108 EHB208 ¹⁵	32 32

¹⁴ Voorvereiste: EGR108

¹⁵ Voorvereiste: EHB108

Diploma met lof

- (i) In die fundamentele en kernmodules oor die drie jaar moet 'n gesamentlike syfer van ten minste 75% behaal word.
- (ii) In die minimum aantal elektiewe modules oor die drie jaar moet 'n gemiddelde van ten minste 70% behaal word.
- (iii) Ten opsigte van (i) en (ii) is 'n berekeningsformule toepaslik waar die kredietwaarde as 'n berekeningsfaktor geld.
- (iv) Die diploma moet binne vier jaar behaal word.

GEVORDERDE UNIVERSITEITS- DIPLOMA

Die volgende gevorderde universiteitsdiploma word in die Fakulteit toegeken:

Diploma	Min. tydperk van studie	Afkorting	Studie-Kode
Gevorderde Universiteitsdiploma in Teologie	1 jaar	G.U.D.T.	09210

Reg. K9.1 GEVORDERDE UNIVERSITEITSDIPLOMA G.U.D.T.
IN TEOLOGIE¹⁶
STUDIEKODE 09210

Toelating

Die toelatingsvereiste vir hierdie diploma is die Universiteitsdiploma in Teologie of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Kurrikulum

Dit is 'n eenjarige kursus en bestaan uit:

OET504	Ou Testament
NET504	Nuwe Testament
DOG504	Dogmatologie
EKK504	Ekklesiologie
DKN504	Diakoniologie
SDW504	Sendingwetenskap

Toeligting

Hierdie diploma verleen toelating tot B.A. Hons. in Teologie.

Diploma met lof

- (a) Om die diploma met lof te verwerf, moet minstens drie van die kursusse met onderskeiding geslaag word en die gemiddelde van al die kursusse 75% wees.
- (b) Die studie moet ook in drie semesters afgehandel word.

¹⁶ Hierdie G.U.D.T. faseer einde 2004 uit.

GEVORDERDE UNIVERSITEITS-DIPLOMA

Die volgende gevorderde universiteitsdiploma word op NKR-vlak 6 in die Fakulteit **vanaf 2003** toegeken:

Diploma	Min. tydperk Van studie	Afkorting	Studie-Kode
Gevorderde Universiteitsdiploma in Teologie	1 jaar	G.U.D.T.	09213

Reg. K9 GEVORDERDE UNIVERSITEITSDIPLOMA G.U.D.T.
IN TEOLOGIE
STUDIEKODE 09213

Toelating

Die toelatingsvereiste vir hierdie diploma is die Universiteitsdiploma in Teologie of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Kurrikulum

Die kurrikulum vir hierdie diploma strek oor twee semesters (een akademiese jaar) en moet ten minste 128 krediete soos voorgeskryf, insluit.

Die kursus bevat die volgende **verpligte** (kern-)modules:

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Bybelkunde	BYB312	8	BYB344	16
	BYB352	8		
Praktiese Teologie	PTL314	16	-	-

Studente wat in die finalejaar van die Universiteitsdiploma in Teologie sekere **keusemodules** (elektiewe) gevolg het, doen vir die Gevorderde Diploma in Teologie die ander modules, te wete uit die volgende.

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Ekklesiologie	EKK314	16	-	-
Dogmatologie	-	-	DOG322	8
Dogmatologie	-	-	DOG342	8
Sendingwetenskap	-	-	SDW322	8

Studente wat nie die Universiteitsdiploma in Teologie aan hierdie Universiteit verwerf het nie, moet hulle verpligte of keusemodules in oorleg met die programdirekteur van Teologie bepaal.

Alle studente kies genoegsame **keusemodules** (elektiewe) uit die volgende om saam met die verpligte modules tot 'n totaal van 128 krediete te kom.

Vak	Vakkode	Krediete	Vakkode	Krediete
	Eerste semester		Tweede semester	
Afrikaans: professies	AFP132	8	AFP142	8
Engels Spesiaal	ENS112	8	ENS122	8
Duits 1B	DTS152	8	DTS162	8
Filosofie	WYS112	8	-	-
Sielkunde	PSY112	8	PSY122	8
Sosiologie	SOS112	8	SOS122	8
Algemene bestuur			OBS124	16

Vak	Vakkode	Krediete
Elementêre Grieks	EGR108	32
Elementêre Grieks	EGR208 ¹⁷	32
Elementêre Hebreeus	EHB108	32
Elementêre Hebreeus	EHB208 ¹⁸	32

¹⁷ Voorvereiste: EGR108

¹⁸ Voorvereiste: EHB108

Diploma met lof

- (i) In die kernmodules en die minimum aantal elektiewe modules 'n gesamentlike syfer van ten minste 75% behaal word.
- (ii) 'n Berekeningsformule is toepaslik waar die kredietwaarde as 'n berekeningsfaktor geld.
- (iii) Die diploma moet binne drie semesters behaal word.

NAGRAADSE DIPLOMA IN TEOLOGIE

Die volgende nagraadse diploma op NKR-vlak 7 word in die Fakulteit Teologie toegeken.

Diploma	Afkorting	Studiekode
Nagraadse Diploma in Teologie	NDT	09212

Reg. K10	NAGRAADSE DIPLOMA IN TEOLOGIE	NDT
	Studiekode 09212	

Toelating

Vir toelating tot die NDT-studie moet 'n student beskik oor 'n professionele of vierjarige interdisiplinêre B.Th.-graad of 'n interdisiplinêre B.A. Honneurs in Teologie of gevorderde B.Th.-graad van hierdie Universiteit of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat vir hierdie doel deur die Senaat erken word.

